menlo-insig

2017 OORSIG

Liewe Ouers

Aan die einde van 'n besondere jaar kyk ons as skool en gemeenskap terug na alles wat in en om ons skool gebeur het en ons kan nie anders as om intens dankbaar te wees vir die voorreg om deel te wees van 'n instansie wat werklik 'n uitsonderlike en onuitwisbare afdruk op elke gebied in 2017 gelaat het nie.

Die Hoërskool Menlopark se leuse, EXCELSA PETAMUS, is in al die fasette van die skool nagestreef. Ons aanvaar dit egter nie as vanselfsprekend nie en ons bly waarlik dankbaar vir elke positiewe uitslag deur hierdie jaar. By Die Hoërskool Menlopark maak die insette van elkeen van ons leerders 'n verskil, en ons is waarlik trots op elke Menloparker se deelname, strewe na beter en vasbyt.

Ek wil graag my dank betuig teenoor die **ouers en die gemeenskap** wat die skool en die leerders in alle opsigte ondersteun het deur die jaar - elke ouer en gesin se betrokkenheid dra die skool en dit is hierdie ondersteuning wat dít wat Menlo vermag, moontlik maak.

Die **beheerliggaam** is 'n besondere groep mense wat bereid is om hulle tyd en kundigheid aan die skool te skenk. Ons is bevoorreg met 'n beheerliggaam wat met fyn beplanning daarvoor sorg dat ons personeel kan aanstel wat bereid is om die ekstra myl te stap, om ons in staat te stel om leerders tot buitengewone hoogtes te begelei. Die BL verseker verder dat klasse klein genoeg bly vir die optimale oordrag van kennis. Hierdie benadering het tot gevolg dat meer as twee derdes van ons personeel deur die beheerliggaam aangestel en vergoed word.

Dit is gepas om aan die einde van hierdie jaar elke **personeellid** te bedank vir hulle ongelooflike bydrae tot die skool. Die Menlo-personeel is die gesigte agter die merkwaardige gees, strewe en prestasies van die skool. Ons besef dat dit baie ekstra ure se harde werk geverg het en wens elkeen van hulle 'n wonderlike, geseënde rustyd toe.

Die belangrikste is natuurlik die **leerders** - ons kan nie anders as om elke leerder van die skool te bedank vir harde werk, 'n positiewe gesindheid en die totale oorgawe waarmee hulle elke aktiwiteit aangepak het nie. Ons skool is baie trots op ons leerders. Die verskeie omgee-aksies, waaraan ons leerders met oop hande en harte deelgeneem en uitgereik het om 'n verskil te maak, lê ons besonder na aan die hart! Ons sien uit na 2018 en alles wat ons leerders gaan bereik en vermag.

2017 was vir ons 'n jaar van wonderlike voorregte en dit is met diepe dankbaarheid dat ons die onderstaande terugblik op die jaar aan u bied en daarmee erkenning gee aan elkeen betrokke by hierdie mooi skool.

Mag die feesseisoen vir elkeen vreugde en vrede bring. Na so 'n voorspoedige 2017 kan ons met reg uitsien na 2018! EXCELSA PETAMUS

SCHALK REYNDERS
HOOF

2016-matriekuitslae:

- 767 A-simbole vir 299 leerders (Alpha Wiskunde ingesluit) en 629 B-simbole
- 100% slaagsyfer
- 1 x Menlo-leerder, 100% vir Fisiese Wetenskap, 1: 99% en 2: 97%
- 1 x Menlo-leerder, 99% vir IT; 2 x Menlo-leerders, 99% vir Wiskunde; 2: 97% vir Alpha Wiskunde
- 275 van 299 leerders (91,97%) behaal graadvrystelling

- Gemiddeld van 2016-matrieks: 72%
- Landswye topprestasie wanneer Wiskunde, Wetenskap en Rekeningkunde saam bereken word.
- Landswye topprestasie in Afrikaans Huistaal met 110 onderskeidings.

Groot getalle leerders neem met welslae aan verskeie **ekspo's** deel:

- Een Menlo-wetenskaplike stap weg met goud (sy gaan SA ook internasionaal verteenwoordig) en een met silwer by die ESKOM Nasionale Wetenskapekspo.
- Tydens die Junior Afrikaans Olimpiade eindig 8 Menloleerders onder die Gauteng Top 20 met 'n topprestasie van derde plek en 14 leerders in die Nasionale Top 100, onder die top 10 kandidate.
- By die Pan-African Maths Olympiad in Marokko eindig SA derde in Afrika met vier bronsmedaljes. 'n Graad 10-Parkie is die trotse eienaar van een van daardie bronsmedaljes.

Aan die einde van die jaar, voordat die finale eksamen se punte in aanmerking geneem is, kan ons waarlik elke leerder gelukwens met uitsonderlike akademiese voortreflikheid.

Elke leerder se harde werk verseker dat elke graad se gemiddeld werklik bogemiddeld is.

Ons missie om ons klasse klein te hou om optimale onderrig te bewerkstellig, werp waarlik vrugte af:

- 107 van ons graad 8-leerders en 119 graad 9-leerders behaal 'n jaarpunt van 80% en hoër.
- 127 graad 10's behaal 'n gemiddel bo 75%.
- 108 graad 11- en 117 graad 12-leerders spog met gemiddelde bo 75%.
- Die top 20 begin gemiddeld op 88% en die gemiddeld van al die leerders op die top 10 van die skool is 92%.

Ons is baie dankbaar vir leerders wat hard werk en wat seker maak dat die akademie, vanaf graad 8 tot 12, die hoogste prioriteit geniet.

Prysuitdeling vir 2017-matrieks

Die toppresteerder in matriek spog met 'n gemiddeld van 95,3%.

Die kandidaat met die hoogste gemiddeld vanaf graad 8 tot 12, handhaaf 'n gemiddeld van 95,4% deur sy hoërskoolloopbaan.

Die top 10-presteerders het almal 'n gemiddeld van 90% en hoër.

76 matriekleerders spog met gemiddelde bo 80%.

Ons sien uit na 2018 - mag ons voortbou op die hoë standaard wat daar in 2017 gestel is.

Drama:

Die Blouteater sorg vir drama uit die boonste rakke op die planke en ongeveer 200 leerders het deur die jaar die verhoë van Gauteng betree.

'n Pantomine vir die absolut eerste keer, getiteld Charlie and the Chocolate factory steel die kollig.

Die Menlo-sirkus, is die titel van ons 2017-revue wat op verskeie verhoë en kompetisies uitblink.

Verskeie tienertoneelstukke wat Menlo-talent uitbasuin, word opgevoer by uitgelese kompetisies.

Koor:

Pretoria Eisteddfod: Skild vir beste gemengde koor.

Sing in Harmonie: Nasionale kampioene in hierdie kykNET-produksie!

ATKV: Goue toekenning tydens die nasionale finaal.

Ensembles:

Menlo-ensemble, -orkes en -fluitekoor blink uit met verskeie toekennings en A++'e by kunswedstryde en eisteddfods.

Redenaars:

ATKV-finaal: Eerste plek by nasionale finaal.

Radikale Redanaars: Menlo spog met 'n nasionale wenner in die tweetalige afdeling.

Debat:

ATKV-finaal: Silwermedalje en tweede plek in nasionale finaal.

Voortrekkers

Ons sluit die jaar af met 4 Presidentverkenners en 'n leerder wat verkies is tot die gebiedsjeugraad.

Deelname:

Uitsonderlike individuele prestasies is tydens eisteddfods en kunstefeeste deur groot getalle van ons leerders behaal. Van sang tot instrumente en vele ander genres, het Menlotalent die botoon gevoer. Maksimale betrokkenheid het gesorg vir absolut deelname - Parkies verdien vir seker 'n staande ovasie!

SPORT 2017

Atletiek:

Menlo tree vir die 16de keer as oorwinnaars uit die atletiekstryd by die A-bondinterhoër terwyl die skool as 'n eenheid bankvas ondersteun.

Na 'n suksesvolle seisoen het 16 atlete aan die USSASA-kampioenskappe deelgeneem, 12 aan die SA Juniorkampioenskappe en 1 atleet aan die Junior Statebondspele.

Verskeie medaljes en spogprestasies word ingehark by die onderskeie kampioenskappe.

Swem:

Die A-, B- en C-swemspanne laat behoorlik spat en ons wen die A-liga swemgala, behaal 'n tweede plek in die B-liga en ook 'n eersteplek in die C-liga.

13 swemmers neem deel aan Level 3 Nasionale Kampioenskappe, 5 swemmers word gekies vir die SA-skolespan, 18 swemmers neem deel aan die Junior Nasionale Kampioenskappe, 8 swemmers durf die water van die Senior Nasionale Kampioenskappe aan, en 1 swemmer verteenwoordig SA by internasionale kompetisie.

Hokkie:

Tuksreeks: 3 meisiespanne en 1 seunspan eindig eerste in dié skolesportreeks.

Noordvaal: 3 spanne kraai koning en sorg vir bekers in die Menlo-trofeekas.

Menlo-seunshokkie se eerstespan verower hulle eerste *Noordvaal*-titel.

Stadsbeker: al 4 meisiespanne stap hier weg met goue eersteplekke.

Super 12: Menlo-meisieshokkie se eerstespan maak geskiedenis deur die eerste Menlo-span te word wat kwalifiseer vir hierdie toernooi en eindig 3de in die land by die nasionale toernooi in Bloemfontein.

32 leerders verwerf *provinsiale kleure* en 2 meisies verwerf *SA-kleure*.

Netbal:

Die Menlo-netbaleerstespan wen *Tuksreeks, Wildeklawer*, *Gauteng* en word ook gekroon as die *SA-kampioen*. 6 van ons spelers is opgeneem in *provinsiale spanne*, 2 verwerf *SA-kleure* en nog 2 word ingesluit in Top 30 groepe.

Rugby:

Tuksreeks: Ons o/14- en o/16-rugbyspanne tree as die Tuksreeks-kampioene uit die stryd en eindig eerste in die Blou Bulle-liga.

Virseker beker: Menlo wen 2 van die 4 bekers in die Virseker beker-kompetisie en eindig onder die top 10 rugbyskole in die land.

18 van ons rugbyspelers word in *provinsiale spanne* ingesluit en 6 seuns word opgeneem in die *nasionale oefengroep.*

Fietsry:

Menlo-fietsryers word vir die 4de agtereenvolgende jaar aangewys as die nommer een span in Gauteng en eindig nasionaal 2de.

Tennis en muurbal:

Menlo-tennis eindig vir die tweede agtereenvolgende jaar as kampioene by die *Tuksreeks*, bied vir die 12de jaar suksesvol ons eie tennistoernooi aan en presteer besonder goed in ligas en toernooie.

Die Menlo-muurbalakademie kraai koning by die *Tuksreeks* sowel as *Provinsiale topskolekampioen*.

Perdesport:

17 ruiters ontvang *Gauteng Noord kleure* en Menlo-perdry ontvang die *Victrix Ludorum*-toekenning vir die Gauteng-skouspringspan.

Gholf:

60 ingeskrewe gholfleerders maak skoonskip in verskeie ligas en toernooie, o.a. 'n eerste podiumposisie in die *Gauteng-Noord Hoërskole* meisiesliga. Vyf leerders ontvang *provinsiale kleure.*

Krieket:

Deelname aan verskeie kriekettoere en –feeste. Eerstespan eindig 3de in die *Finsbury-reeks* en die o/15's as *kampioene*.

Landloop:

72 atlete neem deel aan 4 ligas en 'n aflosbyeenkoms.

Verower vir 3de agtereenvolgende jaar die trofee vir die *meeste deelnemers,* die *gemengde afloswenners* van die *Noordvaal*-kompetisie titel en spog boonop met 'n 3de plek tydens die nasionale kampioenskappe.

Skaak:

Twee skaakspanne ding mee in die liga en die A-span dring deur na die D4-uitspele.

3 Parkies dring ook deur na die *SA-Juniorspan skaakkampioenskappe*.

Deelname:

Ons skool is baie trots op elke leerder wat op die sportveld alles in die stryd gewerp het - tydens wedstryde en oefeninge in die son! Om deel te neem, is om deel te wees. Baie dankie en baie geluk!

FINANSIES

SKOOLFOOIE VIR 2018

Tydens die goedkeuringsvergadering vir ouers wat op 21 November plaasgevind het, is die begroting vir 2018 deur die Beheerliggaam aan die ouers voorgelê en deur die vergadering goedgekeur. Volgens hierdie begroting is die skoolfonds vir 2018 soos volg:

Eerste paaiement skoolfonds by inskrywing: Elke leerder moet by registrasie of herregistrasie 'n eerste bedrag skoolgeld van R1 500,00 betaal. Let wel, dat hierdie bedrag aftrekbaar is van skoolfonds.

BETALING KAN OP EEN VAN DIE VOLGENDE WYSES GESKIED:

A Volledige vereffening van skoolgeld voor einde Februarie. Korting word toegestaan.
B 10 Maandelikse paaiemente vanaf einde Januarie per elektroniese betalings/kontant/tjek.
C 10 Betalings per debietorder vanaf 1 Maart. Slegs lopende rekening in u naam. Stuur gerus 'n e-pos aan me. Heather van Vuuren in die finansiële kantoor, finansies@menlopark.co.za vir 'n debietordervorm en verdere besonderhede.

UITEENSETTING VAN SKOOLGELD EN KOSHUISFOOIE

Eerste kind
R35 800 skoolfonds min eerste paaiement skoolgeld by registrasie (R1 500) = R34 300
Volledige vereffening van hierdie bedrag voor 28 Februarie 2018: R34 300 min R1 200 korting = R33 100
Tien maandelikse paaiemente = R3 430 x 10

Tweede kind
R34 600 skoolfonds min eerste paaiement skoolgeld by registrasie (R1 500) = R33 100
Volledige vereffening van hierdie bedrag voor 28 Ferbruarie 2018: R33 100 min R1 200 korting = R31 900
Tien maandelikse paaiemente = R3 310 x 10

Koshuisfooie
R39 400 per jaar min eerste paaiement koshuisgeld by registrasie (R2 000) = R37 400
Tien maandelikse paaiemente = R3 740 x 10

BANKBESONDERHEDE

Rekeninghouer:	Die Hoërskool Menlopark
Bank:	Nedbank Pretoria Kommersieel
Takkode:	149 745
Rekeningnommer:	149 712 4069
Verwysing:	Maak seker van die korrekte verwysing soos hieronder uiteengesit.

VERWYSINGS VIR ELEKTRONIESE INBETALINGS

Maak asseblief seker dat u die korrekte verwysing gebruik wanneer elektroniese inbetalings gemaak word, sodat u inbetaling reg geallokeer kan word.

Vir skoolfonds: U rekeningnommer soos op u skoolfondsrekeningstaat (lang nommer met die eerste drie letters van u van).

Vir koshuisfooie: U rekeningnommer soos op u koshuisrekeningstaat (lang nommer met die eerste drie letters van u van).

Vir buitemuurse bedrywighede (bv. kultuuraktiwiteite of sporttoere):
Die verwysing verskil, en kom voor op die buitemuurse rekeningstaat in die boonste regterkantste hoekie (kort nommer).

DAGBOEK 2018

JANUARIE

Vrydag, 5 Januarie	Matriekuitslae beskikbaar by die skool (08:00– 10:00)
Maandag, 15 Januarie:	*Koshuis:* Aankoms (10:00-15:00) en ouervergadering (15:00-17:00)
	Krieket: Graad 8-proewe
	Koor: Oefening (Saal tot 12:30)
	Skool open vir personeel.
Dinsdag, 16 Januarie:	*Graad 8:* Bekendstelling en verwelkoming (07:30-14:00)
	Krieket: Graad 8-proewe
Woensdag, 17 Januarie:	Skool open vir leerders
	Atletiek: Graad 8-byeenkoms (14:00-18:00)
Donderdag, 18 Januarie:	*Graad 8:* Ouerbekendstellingsaand (Saal, 18:00)
Vrydag, 19 Januarie:	*Atletiek:* Interhuisbyeenkoms (12:00-22:00)
	Graad 8: Ouerbraai tydens interhuisbyeenkoms (Rugbyklubhuis, 18:00-22:00)
Saterdag, 20 Januarie:	*Graad 8*: Swemgala (09:00-13:00)
	Krieket: o/15 en 1ste XI (Finsbury-reeks)
Maandag, 22 Januarie:	*Krieket:* o/14-liga begin
Dinsdag, 23 Januarie:	*Swem:* Interhuis (14:00-18:00)
	Debat: Junior en senior (18:30-21:00) Alle belangstellendes is welkom!
	Swem: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00-19:00)
	Atletiek: Graad 8-ouerinligtingsvergadering (Personeelkamer, 18:00-19:00)
Woensdag, 24 Januarie:	*Fietsry:* Graad 8-ouerinligtingsvergadering (Personeelkamer, 18:00)
Donderdag, 25 Januarie:	*Hokkie:* Ouervergadering (Ouditiorium, 18:00)
Vrydag, 26 Januarie:	*Atletiek:* Vriendskaplike byeenkoms teen Hoërskool Zwartkop (14:00-23:00)
Saterdag, 27 Januarie:	Parkieraadkamp tot Sondag, 28 Januarie

Klik hier vir die 2018-kalender op die webtuiste.